Son 19 Julie (Ef 1:3-7)
Aan U, o Vader kom al die lof toe. U het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees. U het ons uitverkies om heilig en onberispelik voor U te wees. Ons prys U vir U wonderlike genade wat U in U Seun Jesus Christus vrylik aan ons geskenk het. Deur Sy bloed is ons verlos.

Ma 20 Julie (1Joh 3:7-9)
God van orde, ons is besorg oor die wanorde en chaos wat daar in baie skole heers. Lelike dinge vind plaas in die skole – dinge soos geweld, diefstal, korrupsie, moord, molestering, seksuele misdrywe, dwelmmisbruik, onreg. Net U kan 'n verskil maak, Here. Net U kan mense se lewens verander. Laat U Gees hulle lei tot sondebesef en oorgawe aan U.

Di 21 Julie (Job 8:21, Ps 34:19)
Barmhartige God, baie dankie dat U verstaan, dat U medelye het en dat U hoop het wanneer ons nie verstaan nie, nie meer empatie het nie en moed opgegee het met mense wat aan depressie ly. Ons bid vir almal wat depressief is. U Woord sê dat U weer vreugde sal gee, dat U die gebrokenes en moedeloses sal help. Dankie, Here!

Woe 22 Julie (1Tess 5:23)
Here, U wil hê dat ons heilig moet wees. Maak ons asb heilig. Maak ons bereid om die prys te betaal vir heiligmaking, al kos dit 'n prys. Laat ons U toelaat om ons aardse belange in te kort en ons goddelike belange uit te brei. Laat ons al ons kragte inspan vir U doelwitte. Maak ons volkome aan U toegewy en laat U Gees ons beheer.

Do 23 Julie (Luk 10:20a, 1Kor 10:12)
Here, bewaar ons van die strik van geestelike sukses. Laat ons nie geestelik hoogmoedig word of begeer om uitsonderlike geestelike sukses te behaal nie. O God, laat ons nooit enige iets anders najaag as U goedkeuring nie. Laat ons ons nie verheug oor suksesvolle diens nie en geen eer vir onsself toe-eien nie. Help ons om nederig en dankbaar te wees.

Vry 24 Julie (Matt 26:46)
Here Jesus, toe U in Getsemane vir die dissipels gevra het om saam met U te waak, het hulle aan die slaap geraak! Hulle het seker wanhopig gevoel. U het hulle egter nie verwerp nie, maar hulle aangemoedig om op te staan en voort te beweeg saam met U. Ons voel ook dikwels so wanhopig as ons 'n geleentheid om vir U te getuig laat verbygaan. Dankie dat U ons help om aan te gaan en iets anders vir U te doen.

Sat 25 Julie(Ps 100)
Here, baie dankie vir die nuwe leraar wat U vir ons voorsien het. Ons bid vir hom en sy vrou en vra dat U hulle in elke opsig sal lei, toerus en seën. Ons dra ook ons ander leraars aan U op. Seën asb die leraarspan en laat hulle mekaar aanvul en ondersteun. Help asb vir ds. Bettie om gesond te word en met nuwe moed en krag terug te kom.

V O L H A R D

Son 26 Julie(2Tim 3:16-17, 2Petr1:20-21)
Lewende God, vandag doen ons voorbidding vir die Getuienisbediening. Ons bid vir elke uitreik, vir elke geleentheid waar U Woord verkondig word. Laat die kennis en die waarheid van U Woord die grondslag wees. Laat U Gees die verkondigers van U Woord die nodige insig gee.

Ma 27 Julie(Jes 41:20, Jes 52:10)
Vader, ons het eintlik nie woorde as ons na U toe kom om vir Zimbabwe te bid nie. Ons kan nie verstaan hoe die magspel net aanhou en die ellende net erger word nie. Nogtans vertrou ons U. U weet wat U vir die land beplan. Ons beroep ons op U genade, Here. Gee asb uitkoms en redding sodat die hele wêreld sal sien en erken dat U die lewende God is.

Di 28 Julie(Ps 85:13)
Here ons God, ons bid ernstig vir die ekonomiese krisis wat ons land en die wêreld tans beleef. Maak ons verstandig in die hantering van ons geldsake. Laat ons ook die hulpbronne met groot verantwoordelikheid gebruik. Gee ons die nodige wysheid om die probleme reg te bestuur. Ons bid ook vir elke individu wat honger, koud, dakloos en werkloos is.

Wo 29 Julie(Matt 6:19-21)
Ag Here, ons raak so maklik verstrengel in al die baie dinge. Ons raak so besig en jaag so rond. Daar is soveel belangrike afsprake en vergaderings. Ons brand vas met die sperdatums. En voor ons besef is al ons energie en tyd op materiële en verbygaande dinge gefokus. Leer ons om eerder skatte in die hemel bymekaar te maak.

Do 30 Julie (Eks 18:13-23)
Ons Here, ons dra al die bedieninge en aksies in ons gemeente aan U op. Ons vra dat U ons asb self sal onderrig en sal lei. Laat U Heilige Gees asb vir elke lidmaat wys watter taak hy of sy moet doen, sodat daar 'n goeie balans sal wees. Wys ook vir ons waar ons dalk moet afskaal sodat ons nie sal uitbrand nie. Maak almal gewillig om hulle deel te doen,

Vr 31 Julie (Ester 10:3)
Vader, maak ons bereid om ons verantwoordelikheid te aanvaar en om te sien na die belange van ons land, ons volk en ons kinders, soos wat Mordegai gedoen het! Hy was elke dag beskikbaar vir Ester, hy het haar vermaan en leiding gegee, hy was besorg oor haar en het hom beywer vir die welvaart en veiligheid van sy mense. Laat ons uit sy voorbeeld leer en pligsgetrou wees.

Sat 1 Aug (Matt 28:19)
Lofwaardige God, ons bid vandag vir ons gemeente. Seën asb ons samesyn en laat dit tot eer van U Naam geskied. Maak ons as gemeente gehoorsaam aan ons roeping. Laat U Heilige Gees kragtig in ons midde werk en ons harte warm maak vir U saak. Begelei ons asb op die pad vorentoe. Maak ons getrou aan U roeping om dissipels te maak.

V O L H A R D

GEBEDSPROGRAM: N.G. Kerk Waverley

VOLHARD IN GEBED

Sondag 28 Junie tot Sat 1 Augustus 2009

Die Wurm.

Nou een oggend let ek tot my ontsteltenis op dat my pragtige Begonia plant se blare vol gate gevreet is. Ek het verbete begin soek na die boosdoener en letterlik onder elke blaar gekyk. Sonder sukses. Die middag het ek my kleinkinders elk R5 belowe as hulle die wurm sou kry en hulle het ook 'n ywerige soektog op tou gesit. Sonder sukses. Al die bewyse dat die wurm daar doenig was, was daar – die halfgevrete blare, die mis. Al die skade was duidelik sigbaar. Net nie die wurm nie.

Toe tref dit my dat dit ook so is waar die duiwel werksaam is. Hy kry dit reg om ongemerk ons geledere binne te dring. Hy rig skade aan. Die gevolge van sy teenwoordigheid is onmiskenbaar, maar dis moeilik om hom vas te vat want hy kamoefleer homself. Dikwels besef mense nie eers dat die duiwel met hulle of hul kinders besig is en dat hulle dit toelaat voordat die skade reeds gedoen is nie.

Ek besluit toe om al die sigbare bewyse van die wurm se werk te vernietig en sny elke blaar wat beskadig is af sodat die plant nie so gehawend lyk nie. Ek het gehoop dat die blaarvreter dalk ook sommer saam met die blare wat hy aangetas het in die asblik beland het. En dit het sowaar gelyk of ek die wurm uitoorlê het want daar was nie weer nuwe blaartjies gevreet nie.

Groot was my verbasing egter toe ek 'n paar dae later die papie sien, toegespin op die gordyn agter die potplant! Net om later as 'n mot weer baie eiers te lê en nog meer skade aan te rig... En toe dink ek weer daaraan dat die duiwel homself dikwels ook so vermom as 'n engel van die lig en dan baie mense mislei en groot skade berokken.

Die Bybel waarsku mos: Wees wakker! Jul vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. Die Woord leer ons ook om nie die duiwel vatkans te gee deur mee te doen aan sondige praktyke nie. Ons moet elke dag op ons hoede wees. As ons egter in Jesus bly en aan Sy woorde vashou, is ons veilig, want Hy het die duiwel reeds oorwin.

Aan al die kinders en almal wat verlof het: Geniet die wintervakansie en rus lekker uit!

Seënwense.
Kobie. (Tel. 012 3332916)